Norienes kleuterskool

Belê in jou kind se toekoms!

REGISTRASIE VORM – 2021 Kantoor: (011) 660-7049

MAANDELIKSE FOOIE – VOORUITBETAALBAAR VOOR OF OP DIE 7DE VAN ELKE MAAND:

BANKBESONDERHEDE:

Solid Basics Development, ABSA Tjekrekening 409 069 1449, Tak kode 632005,

NB!! GEBRUIK ASB U REKENING NOMMER AS VERWYSING NOMMER

norienes@noordskool.co.za

Voldag: _____ R2990.00 oor 11 maande (Januarie tot November)

Merk asb u keuse (x) ***(Indien voldag voltooi asb aangehegte na-skool vorm)***

Halfdag: _____ R1900.00 oor 11 maande (Januarie tot November)

Registrasiefooi: R1730.00

BUITEMUURSE AKTIWITEITE BESKIKBAAR BY DIE KLEUTERSKOOL.

Let asseblief daarop dat hierdie aktiwiteite nie by die skoolgelde ingesluit is nie.

Demonstrasielesse en inligting word in Januarie aangebied. Hierdie aktiwiteite word ook bekend gestel aan u as ouer tydens ons verpligte inligtingsaand in Januarie.

1. Wetenskap : Experi-maatjies
2. Dans : PDS Dance Stars
3. Pottebakkersklasse: Kidz Kraftz
4. Drama: Dramatix
5. Rugby : Rugga Kids
6. Karate: Goju Rye
7. Gimnastiek:
8. Wiskunde: Abacus

VERVOER : U kan Laerskool Krugersdorp-Noord direk kontak vir meer inligting : Tel. 011 665-1390

DATUM VAN INNAME: **KLAS MET INNAME:**

KIND SE BESONDERHEDE

VOLLE NAAM: VAN:

NOEMNAAM : GESLAG:

GEBOORTE DATUM: ID NOMMER:

KERKVERBAND:

ALLERGIEË :

ENIGE GEBREKE OF SIEKTETOESTAND WAARVAN KENNIS GENEEM MOET WORD:

HUISDOKTER: MEDIESE FONDS:

HUISDOKTER TEL NR: MEDIESE FONDS NO:

IS U KIND SE IMMUNISASIE OP DATUM?

BOETIE OF SUSSIE OOK IN NORIENES: NAAM: KLAS:_____

VUL ASSEBLIEF AL DIE BLOKKIES IN
WIE MAG U KIND BY DIE SKOOL KOM AFHAAL:

	PA	MA
VAN:		
NAAM:		
ID-NOMMER:		
HUISADRES:	_____ _____ _____	_____ _____ _____
POSADRES & KODE:	_____ _____ _____	_____ _____ _____
BEROEP:	_____	_____
NAAM & ADRES VAN WERKGEWER:	_____ _____ _____	_____ _____ _____

E-POS ADRES:	_____	_____
HUWELIK STATUS:	_____	_____
PERSOON VERANTWOORDELIK VIR DIE REKENING (Merk asb. met 'n X)		
HUIS TELEFOON NOMMER:		
WERK TELEFOON NOMMER:		
SELFOON NOMMER:		

BESONDERHEDE VAN DERDE PERSOON:	
NAAM:	
VAN:	
VERWANTSKAP:	
KONTAK NOMMER:	

NORIENES KLEUTERSKOOL EN NASKOOL – REËLS EN VOORWAARDES

KLEUTERSKOOL TYE:

Maandae tot Vrydae van **06:30** tot stiptelik **18:00**. Indien kinders na 18:00 afgehaal word, sal ouers met **R50 per 15 minute** beboet word. Die boete is onmiddellik in kontant betaalbaar by die personeellid aan diens. 'n Kwitansie sal die volgende oggend uitgereik word. Die kleuterskool sal naweke en openbare vakansiedae gesluit wees, Gedurende Departementele vakansietye in die jaar sal die kleuterskool oop wees, maar net in toesighouende hoedanigheid. 'n Vakansie program word dan gevolg. **Norienes Kleuterskool sluit in Desember soos die Departementele vakansie en open in Januarie dieselfde tyd. Julie vakansie is voldag slegs tot 17:30**

BYWONING:

Die dagprogram begin om **07:30** en dit word verwag dat die kinders daagliks vanaf **07:30** die kleuterskool sal bywoon. Voeding is 'n belangrike deel van 'n kind se ontwikkeling. Dit is 'n vereiste dat al die kinders ontbyt by die huis nuttig.

KENNISGEWING:

20 werksdae geskrewe kennisgewing word verwag as ouers kinders uit die kleuterskool wil neem. Indien nie skriftelik kennis gegee word nie, sal 'n kennis fooi gelykstaande aan 20 werksdae bereken word wat onmiddellik betaalbaar is. Indien die kennismaand nie betaal word nie, sal die rekening aan die prokureurs oorhandig word vir invordering. Geen kennis word aanvaar vir November maand nie.

HER-REGISTRASIE:

Let asseblief daarop dat voor of op 31 Oktober van elke jaar, u kind/ers her-registreer moet word om sy/hulle plek te kan verseker -vir die volgende jaar. **'n Jaarlikse registrasiefooi per kind is betaalbaar voor of op 31 Oktober**.

FOOIE:

Alle voldag-, halfdag-, registrasie- en naskool fooie is betaalbaar met kaartfasiliteite by die kantoor of met 'n elektroniese oorbetaling.

Die fooie is vo**oruitbetaalbaar** op die dag wat kind die skool besoek. Januarie wanneer die skool begin, betaal u vooruit vir Januarie. Indien ouers (30 dae) agterstallig is, behou Norienes Kleuterskool die reg voor om die kind toegang tot die skool te weier. Die rekening sal oorhandig word aan ons prokureurs vir invordering.

Fooie is betaalbaar oor 11 maande (JANUARIE TOT NOVEMBER) en geen terugbetalings word gegee aan kinders wat die skool gedurende die jaar sou verlaat nie.**)** Maandelikse state word slegs elektronies aan ouers gestuur.

ADRESVERANDERING:

Indien u van woonadres, e-pos of telefoonnommer tuis of by die werk verander, moet die kantoor in kennis gestel word. Onthou, ons mag dit miskien nodig vind om u dringend te kontak.

KLERASIE:

Elke kind moet 'n tassie saambring met 'n stel skoon klere. Alle klere moet duidelik gemerk wees. Hoewel alle voorsorg moontlik getref word om die kinders se besittings veilig te hou, kan die Kleuterskool geen verantwoordelikheid aanvaar vir klerasie, horlosies, selfone, juweliersware of enige ander persoonlike besittings wat verlore mag raak nie.

SPEELGOED:

Geen speelgoed word vanaf die huis toegelaat nie, tensy spesifiek so gereël met die onderwyseres.

BESERINGS:

Alle voorsorg word getref en kinders is gedurig onder die toesig van die personeel. Die kleuterskool kan egter geen verantwoordelikheid aanvaar vir die mediese kostes wat aangegaan is vir beserings wat by die kleuterskool opgedoen is nie.

MEDISYNE:

Medisyne word slegs om 12h00 toegedien. Die oggend medisyne moet dus tuis toegedien word. Alle medisyne moet in die betrokke klas in 'n medisynehouer wat voorsien sal word, gelaat word. Hierdie medisynehouers word te alle tye buite bereik van die kinders gehou. Die medisyne moet **daagliks deur die ouers verwyder** word wanneer die kinders gehaal word. Ouers moet elke dag die instruksies vir die toediening van die medisyne in die betrokke kind se medisyne boek in klas aanteken. Medisyne wat in die yskas geberg moet word, moet ook in die boodskapboekie aangeteken word en ouers moet dit in die yskas plaas en ook self verwyder. **LET WEL** geen anale medikasie mag deur personeel toegedien word nie.

GEEN MEDISYNE MAG IN 'N KIND SE TAS GELAAT WORD NIE. ALLE MEDISYNE MOET ASSEBLIEF BAIE DUIDELIK MET DIE KIND SE NAAM GEMERK WORD.

SIEKTES VAN KINDERS – BAIE BELANGRIK:

Ouers word dringend versoek om byvoorbaat die nodige reëlings te tref vir die versorging van hulle kinders tuis, indien hulle sou siek word. Kinders met **koors, oog infeksies, diarree, vomering, bronchitis, longontsteking, masels, waterpokkies, pampoentjies,mangelontsteking of enige ander aansteeklike kindersiektes,asook groen loopneus** mag alleenlik toegelaat word nadat 'n mediese sertifikaat by die skool ingedien is, wat bevestig dat hulle weer gesond is. Bogenoemde sluit **kopluise** ook in volgens die regulasie kragtens die Wet op Gesondheid van 1977.

ALGEMEEN

Ouers moet by aansoek en opname meld wie hul kind kom afhaal. Kinders sal nie toegelaat word om saam ongemagtigde persone te vertrek nie. Ouers moet dus skriftelik of telefonies opdrag in hierdie verband gee:

- Instruksies i.v.m. kinders moet skriftelik aan die Hoof gegee word soos wanneer die kinders die terrein mag verlaat en met wie, ens.
- Kinders moet soggens en saans deur 'n volwassene in die klaskamer besorg en weer afgehaal word.
- Geen lekkers, speelgoed of eetgoed word toegelaat nie en sal by aankoms weggeneem word aangesien dit die kinders se gedrag negatief mag beïnvloed.

PROBLEME EN NAVRAE:

Bespreek asseblief alle probleme, navrae en voorstelle met die bestuur soos en wanneer nodig, om sodoende effektiewe oplossings te verkry. Ons hoor graag van u.

EK HET HIERDIE VOORWAARDES EN REËLS GELEES, VERSTAAN DIT EN NEEM DIT SONDER VOORBEHOUD AAN.

Hiermee doen ek aansoek vir toelating van die bogenoemde kind en sal ek my neerlê by die inskrywingsvoorwaardes en die reëls van die skool soos hierbo uiteengesit.

HANDTEKENING VAN VADER/VOOG **DATUM**

HANDTEKENING VAN MOEDER/VOOG **DATUM**

HOE HET U VAN NORIENES KLEUTERSKOOL GEHOOR?

- ◇ VRIENDE/FAMIELIE
- ◇ ADVERTENSIE BORDE
- ◇ WEBBLAD
- ◇ ANDER

BELANGRIKE DOKUMENTE WAT AANGEHEG MOET WORD:

1. Immunisasie kaart
2. Geboortesertifikaat
3. Kopie van ID van beide ouers
4. Kopie van ID van 3de persoon/persoon wat kind mag kom haal

NORIENES KLEUTERSKOOL

ALGEMENGE VRYWARINGSVORM

Die skool onderneem om in alle skool aktiwiteite redelike en algemeen aanvaarbare veiligheidstandaarde daar te stel wat die veiligheid van alle leerders, onderwyser en besoekers aan die skool betref.

Uit die aard van die saak kan die Personeel egter nie verantwoordelikheid aanvaar vir ongelukke wat in die klas of op die skoolterrein plaasvind nie.

Elke ouer word derhalwe versoek om die onderstaande vorm te voltooi as bewys dat u die skool se posisie verstaan en die risiko daaraan verbond aanvaar.

Ek die ondergetekende,

VOLLE NAAM EN VAN: .....

ADRES: .....

TEL. NO.: .....

Die ouer of voog van die volgende leerder wie as sulks ingeskryf en aanvaar is by Norienes Kleuterskool onderhewig aan die bepalings hiervan:

NAAM VAN LEERLING: .....

Vrywaar hiermee en stel Norienes Kleuterskool skadeloos vir alle verliese of skade in die algemeen, hoe dit ook mag ontstaan, wat ek as ouer of voog van bogemelde leerder mag lei, as gevolg van enige gebeurlikheid waarby hy / sy betrokke mag wees as leidende of veroorsakende party weens sy / haar betrokkenheid as leerder by die skool.

In besonder magtig ek hiermee dat die voormelde leerder sonder kennis aan die ouers/ voogde in tye van 'n noodgeval deur enige personeellid van Norienes Kleuterskool na die naaste hospitaal of dokter vervoer mag word. Ook in hierdie omstandighede vrywaar ek die skool skadeloos vir enige skade of verlies wat ek as ouer of voog van die betrokke leerder mag lei en aanvaar vrywilliglik alle risiko en kostes wat daarmee gepaard mag gaan, insluitend risiko's met betrekking tot die vervoer van die leerder. Ek bevestig dat alle mediese inligting voorsien in die inskrywingsvorm akkuraat en volledig is. Hierdie inligting mag gebruik word in enige noodgeval. Ek onderneem om die skool in kennis te stel indien enige die mediese inligting verander. Ek onderneem om my kind te ondersteun in die nakoming van die Gedragskode en dissiplinêre stelsel van Norienes Kleuterskool soos vervat in die Skoolbeleid. Hiermee bevestig ek dat enige beeldmateriaal van my kind gebruik mag word vir enige publikasies van die skool, in watter formaat ookal.

GETEKEN TE KRUGERSDORP OP HIERDIE ..... DAG VAN ..... 20.....

OUERS / VOOGDE

....

NORIENES NASKOOL

Baie welkom by Norienes Naskool. Ons glo u kleuter sal sommer baie gelukkig by ons wees.

Ons wil graag 'n paar punte aan al ons naksoolleerders se ouers deurgee:

1. **Koste**: R1040 per maand oor 11 maande van die jaar, vooruitbetaalbaar voor die 7de van elke maand (m.a.w. R2770 voldag). Onthou asb om skriftelik een Kalendermaand kennis te gee indien u kind die naskool sou verlaat. Die kennisbrief moet asb by die kantoor ingehandig word.
2. **Tye**: 12:45 tot 18:00, waarna 'n boete van R100 gehef sal word. Indien u meer as 3 keer laat sou wees, sal die boete ongelukkig verhoog word.
3. **Matrasoortreksels**:
   * Elke kleuter moet 2 matrasoortreksels hê. U kan dit teen R100 elk by juf Deidre bestel.
   * Die slopie sal elke Vrydag huis toe gestuur word om gewas te word. Stuur dit dan asb so gou as moontlik terug skool toe.
   * Indien u kleuter dit sou verkies, kan u 'n klein strooikussinkie stuur, asook 'n klein baba-grootte kombersie. Ons stoorruimte is ongelukkig beperk

4. Indien u kind enige voedselallergieë het of aan 'n chroniese toestand lei, stel asb die naskoolpersoneel in kennis sodat die nodige voorsorgmaatreëls getref kan word.

5. **Toiletbenodighede**:
   * 2 bottels spuitseep vir die handjies
   * 2 pakke "Wet Wipes"
   * 4 rolle toiletpapier
   * Sonroom

   Handig asb by juf Deidre in sodat dit op die naskoolklaslys afgemerk kan word.
5. **Inskrywingsvorm**: Voltooi asb die vorms so gou en akkuraat as moontlik en stuur terug skool toe. Maak asb seker dat u kontakbesonderhede te alle tye korrek is. Geen leerder kan geakkommodeer word sonder die nodige vorm nie.
6. Afhaal van kleuters:
   Teken elke middag u kind uit by die juffrou aan diens. Indien iemand anders u kind gaan afhaal, kontak die naskool so gou as moontlik by 078 378 9009 (na 13:00 asb). U kan ook 'n sms na dieselfde nommer stuur.
7. Stuur asb vir u kleuter 'n gemerkte waterbottel.
8. Vakansiesorg: Leerders wat by Norienes-naskool ingeskryf is, kan die vakansieprogram bywoon teen geen ekstra koste, mits u rekenng ten volle vereffen is. Die tye is van 06:30 tot 18:00. Let wel slegs JULIE vakansie tot 17:30 Geen vakansiesorg tydens die Desembervakansie nie. Bespreek asb u kind se plekkie vooraf vir die betrokke vakansie.

   Voltooi asb die skeurstrokie vir die bestelling van die matrasslopies indien u dit nog nie persoonlik gedoen het nie, aangesien dit spesiaal gemaak moet word. Gee ook 'n aanduiding van die betaaldatum asseblief.

Naam van leerder: _____ Seun/dogter (NIE VIR GR R LEERLINGE NIE)

Bedrag ingesluit (R100 per slopie): _____ of

Hiermee onderneem ek om die bestelling ten volle te betaal teen _____

Ouer handtekening: _____

NASKOOL INSKRYWINGSVORM NORIENES KLEUTERSKOOL

Leerder se besonderhede: Naam en Van _____

Geboortedatum: _____

Klas: _____

Ouers se besonderhede:	Vader	Moeder
Naam en Van		
ID Nommer		
Woonadres		
Posadres		
Beroep		
Werkgewer		
Werkadres		
Tel: Huis		
Tel: Werk		
Selnommer		
Epos		

Kontakbesonderhede van 'n ander persoon, wat geskakel kan word indien daar nie met u in Verbinding getree kan word nie:

Naam en Van: _____ Tel huis: _____
Verwantskap _____ Tel werk: _____
Adres _____ Selnommer: _____

Wie gaan die kleuter afhaal? _____

Naam van dokter in geval van nood: _____

Kontakbesonderhede van dokter: _____

Mediese fonds besonderhede: _____

Enige allergieë (bv bysteek): _____

Medikasie (hantering): _____

Chroniese kwale (omskrywing): _____

Ek het die reels en inligtingstuk gelees, dra kennis daarvan en aanvaar die inhoud daarvan

_____ _____
Ouer Datum

BAIE BELANGRIK!!!!!

Ons het oorgegaan op 'n veiliger hekstelsel. Hierdie stelsel stel u in staat om die hek met u selfoon oop en toe te maak.

Daarom is dit baie belangrik dat ons al die persone wat betrokke is met u kins se vervoer, se nommer het om op die stelsel te laai.

Sodra u op die stelsel gelaai is kan u die volgende nommer gebruik vir die hek 064 930 8622

Voltooi en gee asb vir u klas juffrou

Leerling se naam: _____ Klas: _____

Ma: Tel nr:_____

Pa: Tel nr: _____ (SLEGS VIR VOLDAG MAATJIES)

Ander: Tel nr:_____

_____

_____